**Augustus: God troos sy kinders deur sy almag**

Maandag **12 Augustus**

**Skrifgedeelte: Jesaja 6:1-7**

**Fokusgedeelte: Jesaja 6:1-7**

**Presies hoe heilig is God dan?**

God is heilig, maar besef ons werklik wat dit beteken? Het ons enige idee van die grootheid, die heiligheid en die almag van God? Selfs die Bybel laat ons slegs toe om na God te kyk deur ’n loergaatjie. Tog, met net ’n effense begrip daarvan, behoort dit ons lewe heeltemal te verander.

In Jesaja 6 lees ons oor die roeping van Jesaja as profeet. Hy moet gaan om die Woord van die Here aan die volk Israel te verkondig. Die teks begin egter nie met Jesaja as mens nie, maar met ’n beskrywing van die heilige God van hemel en aarde. Jesaja moet dadelik verstaan Wie hom roep. En die teks is skrikwekkend – God sit op ’n troon, maar Jesaja kan Hom nie werklik sien nie. Hy is omring deur rook en vuur. Selfs die serafs wat Hom dien, bedek hulle gesigte met twee vlerke. GOD IS HEILIG.

Jesaja word beskryf as ’n godvresende man, en tog is hy vreesbevange wanneer hy God in al sy glorie sien. Hy weet hy is onwaardig om in God se teenwoordigheid te verskyn. Erger nog, hy woon onder ’n volk wat in verskriklike sonde verval het. In daardie tyd het Israel eintlik boedel oorgegee in hulle stryd teen die sonde. Hulle het geweet dat God nie veel langer sy oordeel oor hulle sonde sou uitstel nie, dus het hulle maar besluit om in die vlietende plesier van sonde voort te lewe. Dit is hier waar die spreekwoord vandaan kom: “Laat ons eet en drink en vrolik wees, want more sterf ons.”

Wanneer Jesaja God se heiligheid sien, kom hy weer onder die besef van sy sonde. Hy is onheilig, onrein en onwaardig. Hy verdien om te sterf. Maar die engel demonstreer God se genade wanneer hy Jesaja se mond met ’n gloeiende kool aanraak. Die Bybel is duidelik dat die loon van die sonde die dood is. Verder beskryf die Bybel ook die dood as ’n plek wat brand met vuur. Dus simboliseer die kool teen Jesaja se lippe die afbrand van sy sonde. Hy is nou regverdig en heilig voor God – waardig om voor die heilige God te mag verskyn.

Jesaja se reaksie hierop is dat hy bereid is om sy hele lewe aan God te wy en gehoorsaam sy roeping as profeet uit te voer. Wanneer ons diep onder die indruk kom van God se heiligheid, dan behoort dit ons te dring om uit te roep na ons Verlosser, Jesus Christus. God het aan die kruis ons sonde op Jesus doodgebrand sodat ons volkome geregtig voor Hom kan staan en gewillig ons hele lewe aan Hom kan wy.

Wat is jou en my reaksie wanneer ons gekonfronteer word met God se heiligheid?

*Sing: Psalm 48-1:1*

*Ds. JD (Dreyer) Potgieter (Meyerspark)*